**Vrydag 30 Desember**

**Skrifgedeelte: Titus 1:1-9**
**Fokusgedeelte: Titus 1:2**

## Hoop op die ewige lewe

In hierdie vers laat God die kollig op ’n besondere manier op die *ewige lewe* val:

- *Belofte:* God belowe die ewige lewe aan ons, en as God ’n belofte gemaak het, dan staan daardie belofte onwribaar vas. Niks en niemand kan ooit keer dat Hy daardie belofte sal nakom nie. Jý, wat in Jesus Christus glo, sal beslis die ewige lewe ontvang. Wat God Hom voorgeneem het om aan jou te gee, sál Hy gee!
- *Betroubaar:* Die rede waarom God se beloftes só vas staan, is omdat Hy betroubaar is – onkreukbaar betroubaar! Hy hou sy woord. Letterlik staan daar: Daar is geen leuen in Hom nie. As Hy vir jou sê Hy gee vir jou die ewige saligheid, dan bedoel Hy elke woord. Die waarborg dat God sy belofte aan jou in vervulling sal laat gaan, is in die versoeningswerk van Christus geleë.
- *Lank gelede:* Hierdie belofte het Hy lank gelede gemaak, voordat Hy die wêreld geskep het. Dieselfde staan in Efesiërs 1:4: “Voordat die wêreld geskep is, (het Hy) ons in Christus uitverkies.” Hier lig Hy die sluier van sy heerlike raadsplan af.
- Hoop: Ons as mense gee maar ’n onsekere hoop aan mekaar. Iets van: Ek hoop ons kan die wedstryd wen. Nié God nie! By Hom is alles seker en vas, solied. Hy gee vir ons ’n onwrikbare hoop. In die toekoms wag die ewige lewe vir ons, die lewe saam met Jesus. Wat 2016 alles gaan inhou, weet ons nie. Tog is een ding seker: God is met ons dag na dag op pad na ons ewige bestemming – in die huis van ons Vader met sy baie woonplek, dáár waar Jesus is!

*Sing: Skrifberyming 1-1:1*

*Dr. AH (André) Grové (Emeritus)*